PAARL-SKOOL
VIR NEURAAL GESTREMDE KINDERS

PAARL SCHOOL
FOR NEURALLY HANIDCAPPED CHILDREN

Borgliggaam: BADISA
NG Kerk in SA
Geregistreerde Welsynsorganisasie
Fondsinsamelingsnommer 002-970 NPO
Fund Raising Number 002-970 NPO
Registered Welfare Organisation

PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X09
ROGLANDSTRAAT/STREET
BRACKENFELL 7561
TEL:: (021) 9815555/6
FAKS/FAX: (021) 9817833
E-MAIL: admin@paarlskool.org.za

Omsendbrief 1/2016

20 Januarie 2016

Geagte Ouers/Voogde

WELKOM

Hartlik welkom by Paarl-skool vir 2016. Ek hoop en vertrou dat u 'n geseënde 2016 sal hê en dat Paarl-skool aan al u en u kind(ers) se verwagtinge sal voldoen. Van ons kant af sal ons die beste diens moontlik aan u wil lewer!

'n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe ouers/voogde, oupas en oumas en pragtige nuwe gesiggies! U moet van die staanspoor af welkom voel en waar moontlik dadelik by die strukture inskakel – ons het u nodig!

Ons het slegs een splinternuwe personeellid by gekry. Ons sê baie welkom aan Lelanie Visser wat by ons Voorskoolse Fase aangesluit het in Sonnika Pienaar se plek. Ons hoor alreeds baie goeie goed van haar in daardie besige gang.

Ons wil ook graag vermeld dat twee van ons ander personeel, wat reeds aan u bekend is, na ander klasse verskuif het. Katherine Pearce is in die plek van Julie Redelinghuys (Gr. 4E) en Elize Sass is tans 'n opvoeder in die Praktiese Fase. Ons wens hulle alles van die beste toe in hulle nuwe posisies.

HARTSEER

Ons het 2016 op 'n tragiese noot begin weens die afsterwe van tannie Miena Steyn, ons kok in die koshuis. Tannie Miena was ontsettend geliefd onder leerders sowel as personeel. Sy is na 'n kort siekbed op 17 Desember 2015 in die hospitaal oorlede. Ons betuig ons innige simpatie aan haar man en kinders (waarvan 3 dogters by ons werksaam is: Celia, Rose en Carol). Net tyd en die Liefde van Jesus sal berusting en rustigheid bring. Amelia Julies (skoonmaker) het haar man aan die dood afgestaan, Lorrainne Pietersen (klashulp P4) se broer is oorlede en Anezwa Fetile (leerder) het haar moeder verloor. Ons bid hulle almal vertroosting toe.

WAARDESTELSEL

Ons het verlede jaar ons eie unieke waardestelsel by die skool geïmplementeer. Dit maak deel uit van ons gedragskode en sluit ook prakties by die Pêrelklub beloningstelsel aan.
Ons skool gaan gedurende 2016 aan die volgende waardes aandag skenk:

2/..

- Respek (eerste kwartaal – geel)
- Verantwoordelikheid (tweede kwartaal – groen)
- Omgee (derde kwartaal – rooi)
- Moed (vierde kwartaal – blou)

Elke waarde word gekoppel aan ‘n spesifieke kleur. Die waarde vir die kwartaal word tydens ‘n saalbyeenkoms aan die leerders bekend gestel en die leerders word aangemoedig om die kleur wat met daardie waarde geassosieer word, te dra.
Bogenoemde waardes sal deurgaans by die skool toegepas en vasgelê word.
Dit sal waardeer word indien u tuis ook daaraan aandag sal skenk.
Hierdie kwartaal skenk ons aandag aan “respek” :

- Maak oogkontak tydens gespreksvoering.
- Aanspreekvorm vir volwassenes: “Ja, Juffrou”, “Nee dankie, Tannie”.
- Groet: “Hoe gaan dit met jou? Dit gaan goed, dankie en met juffrou”.
- Seuns laat meisies eerste by die deur instap.
- Leerders laat volwassenes eerste by die deur instap.

SKOOLKLERE

Ons wil graag die volgende aspekte rakende die skool se kleredragbeleid, onder u aandag bring:
SANDALE: Daar is vasgestel dat Bata in Cape Gate wel die voorgeskrewe BRUIN SANDALE verkoop.
WIT T-HEMDE: Leerders moet verkieslik ‘n WIT T-hemp en sportbroek tydens sportoefening dra. Leerders MAG NIE hierdie oefenklere tydens akademiese periodes dra nie. Dogters mag ook nie “spaghetti” bandjie hempies tydens sportperiodes dra nie. Dankie vir u begrip.

BELANGRIKE DATUMS

Hier volg ‘n paar belangrike datums vir 2016 se eerste kwartaal, waarvan u kennis moet neem en ook uitgenooi word:

Dag	Datum en tyd	Aktiwiteit
Donderdag	21 Januarie: 19:00	Oueraand: Alle ouers in skoolsaal – ontmoet onderwysers.
Donderdag	21 Januarie: 10:30 – 14:00	Kleure-atletiek: Velditems
Vrydag	21 Januarie: 08:00-13:00	Kleure-atletiek: Veld- en baanitems - alle leerders
Donderdag	4 Februarie (tyd sal nog bepaal word – laatmiddag)	Jaarlikse Uurbyeenkoms: Atletiek Paarl-skool is gasheer. Slegs sommige atlete.
Vrydag	5 Februarie: 17:00 tot laat	OPV Ouer/Personeel Ken-mekaaraand: Braai en swem by skool.
Donderdag	11 Februarie: 10:00 - 14:00	Swemgala
Donderdag	25 Februarie: 10:00	Pretgala vir Grondslagfase
Vrydag	18 Maart: 10:00	Skool sluit vir eerste kwartaal, busse vertrek vroeg.

Daar is nog ander datums van aktiwiteite soos die Beheerliggaamkomiteevergaderings, atletiekbyeenkomste en ander gebeure, wat ons direk aan die betrokkenes sal deurgee.

3/..

NUWE DIENSVERSKAFFER VIR SMS EN EPOSSE

Ons het verlede jaar kennis gekry dat ons sms-diensverskaffer, SchoolAlert, gaan sluit. Ons is tans besig met onderhandelinge en finalisering om “Staffroom”, ‘n skoolbestuursprogram te implementeer. SchoolAlert sal tot einde van die kwartaal ons nog van diens wees.

FINANSIES

Finansies is ‘n baie groot uitdaging vir Paarl-skool. Ek en die beheerliggaam is baie bekommerd oor die feit dat daar geweldig baie ouers vir vrystelling van skoolfonds, aansoek gedoen het. Dit bly u reg om hiervoor aansoek te doen indien u nie skoolfonds kan betaal nie. Let asseblief op dat die betaling van bus- en koshuisgelde egter verpligtend is aangesien dit ‘n diens is wat die beheerliggaam uit eie fondse lewer. Tog wil ek alle ouers, selfs dié wat dit moeilik vind, van harte bedank vir u stiptelike betaling van al die onderskeie fondse. Baie dankie dat u, u kind se onderrig en opvoeding so hoog aanslaan, ek respekteer en waardeer dit!

TEN BESLUITE

Paarl-skool staan bekend in plaaslike onderwyskringe as ‘n “modelskool”. Die rede daarvoor is dat ons uiters bekwame en passievolle personeel het. Ek versoek u vriendelik dat indien u ‘n probleem of navraag het, u dit so spoedig moontlik met die skool sal opneem. Ons bly vennote in die opvoeding van u kind.

Vir ons jonger maats, onthou, bly nuuskierig, dis hoe mens leer! Baie sterkte vir 2016 met al sy uitdagings!

“I have no special talents. I am only passionately curious. – Albert Einstein”

Paarl-skool groete

STOFFEL KRUGER
HOOF